© Publikasie: LUCA, 'n onderafdeling van LAPA Uitgewers,
'n afdeling van Penguin Random House Suid-Afrika (Edms.) Bpk.
Growthpoint Business Park
Tonettistraat 162
Halfway House, Uitbreiding 7
Midrand
Tel.: 011 327 3550
E-pos: lapa@lapa.co.za

© Teks: Zuléka Smit 2022
© Illustrasies: Johann Strauss 2022
Senior redakteur: An-Mari do Carmo
Redigering: Jackie Pienaar-Brink
Proeflees: Tanja Malherbe

Omslagontwerp: Megan Bird
Grafiese uitleg deur Renthia Buitendag — Stickart

Gedruk en gebind deur Shumani RSA

Eerste druk 2022

ISBN: 978 1 7763 5121 3 (gedrukte boek)
ISBN: 978 1 7763 5122 0 (ePUB)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

ZULÉKA SMIT

JOHANN STRAUSS

BEN GAAN SKOOL TOE

LUCA

Dit is Ben se eerste week in die grootskool. Die eerste paar dae het goed gegaan en Ben het dit sommer baie geniet. Maar nou word hy elke oggend met ’n swaar hartjie wakker en voel hy glad nie opgewonde nie. Dit is skielik nie meer so lekker om skool toe te gaan nie.

Skool maak hom BANG!

BLAF! BLAF! BLAF!

“Ben, moenie jou kosblik en sportklere vergeet nie,” sê Mamma.
Sy weet hy het ’n besige dag wat voorlê.
“Kan ek nie maar vandag by die huis bly nie?” smeek Ben.
Hy is nie eens lus vir Mamma se lekker toebroodjies nie.

Ben ry saam met Mamma skool toe.

Pappa moet alreeds vroeg by die werk wees. Hy werk baie hard. Ben en Mamma sing elke oggend saam met ’n liedjie terwyl hulle skool toe ry. Ben kan altyd die liedjie kies wat speel. Hy hou baie van oom Piet de Wet se musiek. Maar vanoggend is hy nie lus vir sing nie.